29 Maart & 5 April 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

BELEEF BEHOORT BEDIEN



## EREDIENSTE

**VANDAG**
Groot Lydensweek
PALMSONDAG
Deuroffers:
Sinodaal: Gemeentebediening

Een erediens om 08:30

Geen Bababediening, Kinderkerke of Space

Van Hosanna tot Genade
*Psalm 118, Sagaria 9:9*
*Matteus 21:1-11*
*Past* Adam

"Juig, dogter van Sion!
Jubel, dogter van Jerusalem!
Kyk, jou koning kom na jou toe:
hy is regverdig en die oorwinnaar;
hy is nederig en ry op 'n donkie,
op die hingsvul van 'n donkiemerrie."

Sagaria 9:9




Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com

# BEHOORT



## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**MAART**
**29:** Dallas McFarlane
**31:** Mike Ackermann, Annelene Nortjie. Lienie Roworth, André Vermeulen
**APRIL**
**01**: Mauleen Brand
**02**: Polla van der Merwe
**04**: Kobus Claassen
**06**: Willie Immelman, Maretha Penwarden
**07**: Tineke Lambrechts
**08**: Boetie Louw, Willie Nieuwoudt



Ons nuwe koster,
Sampie Griessel, verjaar eersk Woe 1 April. Baie geluk, Sampie!
Mag die Here jou seën.

SnapScan

Snap here to pay

BANK-BESONDERHEDE:
NG Kerk Heidekoppie,
Absa Brackenfell
Universele Kode:
632005
Tjekrekening nr
145 058 0674

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

## SONDAE GEDURENDE DIE SKOOLVAKANSIE


**Sondag 29 Maart:**
Palmsondag: Past Adam
Een oggenddiens om 08:30.

**Sondag 5 April:**
**Deuroffers:** Nuwe Geloofsgemeenskap-ontwikkeling
Opstandingsondag
*Ds Anton*
Eredienste om 06:30 (voorste parkeerterrein) en 08:30 (kerkgebou)
Geen Bababediening, Kinderkerke, Space of Belydenisklas gedurende die skoolvakansie nie.

## DEUROFFERS

Die Deuroffers is vanoggend 'n sinodale kollekte vir Gemeentebegeleiding.
Hierdie fondse word deur die sinode gebruik om gemeentes te ondersteun om te floreer en te blom. Leiers help gemeentes om na die Woord en hul gemeenskap te luister, sodat hulle onder leiding van die Gees, God se voorkeurtoekoms vir hul gemeente kan onderskei.

Die fasilitering van die beplanningsessies van Heidekoppie se leierskap verlede naweek is deur Ds Bossie Muller van Aurora gedoen. Sy onkostes is deur die Sinode gedek. Dit is juis vir sulke geleenthede waarvoor gemeentes deurkollektes vir "gemeentebegeleiding" het.



# GROOT LYDENSWEEK EN PAASFEES

## 29 MAART - 5 APRIL

### GEBEDSTASIES

Gedurende die Groot Lydensweek sal daar elke dag gebedstasies by die kerk beskikbaar wees.
Ma en Di: 09:00 - 12:00
Wo en Do: 06:30 - 17:00
Voor en na die eredienste.
Onderbreek die gejaag en kom raak 'n rukkie rustig.




### TENEBRAE DIENS / DIENS VAN DIE SKADU'S

'n Meditatiewe diens met Woord en musiek ter voorbereiding van Goeie Vrydag. erse word een vir een doodgeblaas en die kerk word in duisternis en stilte verlaat.







### OPSTANDINGSONDAG

**So 5 April 06:30**
Diens op die voorste parkeerterrein. Bring jou eie stoel indien dit moontlik is en bring gerus ook koffie saam. Elkeen kry 'n Paasbolletjie en 'n stukkie snoek. Ons kyk hoe die son opkom en juig oor die Opstanding!

**So 5 April 08:30**
Paasdiens in die kerk. Jesus leef!

# GROOT LYDENSWEEK EN PAASFEES

## 29 MAART - 5 APRIL

### SKRIFGEDEELTES VIR DIE GROOT LYDENSWEEK EN PAASNAWEEK

**Palmsondag**
Sagaria 9:9, Lukas 19:28-40

**Maandag**
Jesaja 56:1-8, Lukas 19:41-48

**Dinsdag**
Psalm 118: 19 - 27, Psalm 110, Lukas 20

**Woensdag**
Lukas 21, Markus 14:1-11

**Donderdag**
Jesaja 50:4-10, Lukas 22:1-65

**Goeie Vrydag**
Psalm 22:1-18, Lukas 22:66 - 71,
Lukas 23:1-56

**Stil Saterdag**
Jesaja 52:13-15, Jesaja 53,
Lukas 23:56

**Paassondag**
Jesaja 52:7-10, Lukas 24



Voor in die kerk



### LIED 422 v 3

Die Heer, die Heer het opgestaan!
Die Heer het wáárlik opgestaan!
Aan Hom die lof, die roem en eer,
Hy laat ons mét Hom triomfeer.
Laat ons, o Here, deur u Gees,
afhanklik en oorwinnaars wees.



# ALLERLEI

## BADISA TRIO BEHOEFTES

Badisa Trio is 'n Kinderbeskermings-eenheid in Kraaifontein. Brackenfell is ook een van hulle bedieningsareas.

**Vrywilligers in klerekamer:**
Hulle benodig mense wat een keer 'n week kan kom help om die klere-kamer reg te pak, klere te sorteer en op te hang.

**Veiligheidsouers:**
Dit bly 'n deurlopende behoefte. UIt hulle nuusbrief:
*"Daar is soveel dae wat ons met ons hande in ons hare sit, want ons het nie plasings vir die kinders nie."*
(Veiligheidsouers is nie dieselfde as pleegouers nie; dit is hulp vir 'n korter tydperk.)

**Fondse vir terapie:**
Die behoefte om kinders te stuur vir assesserings en terapie raak by die dag groter. Hierdie is een van hulle grootste uitgawes. Enige donasies sal waardeer word.

Vir navrae en om hulp aan te bied, kontak Sjean Smit by 021 987 2940 / kraaifontein4@badisatrio.org.za

https://badisatrio.co.za/



## 40 ITEMS UITDAGING

Almal is nie Paassondag tuis nie - indien jy items ingesamel het, bring dit gerus vroeër kerk toe.
Die bydraes groei!







## VERBLYF BENODIG

Twee van ons gesonde senior lidmate (man en vrou) is op soek na
- 'n tuinwoonstel om te huur
- met 'n veilige staanplek vir 'n motor
- in Brackenfell-omgewing, verkieslik Protea-hoogte.

Hulle het nie troeteldiere nie.

***

Dame wat van SASSA pensioen leef DRINGEND op soek na tydelike verblyf (kamer) in die om-gewing.

Kontak die kerkkantoor.

## WERKSGELEENTHEID

**NG Kerk Drieankerbaai het 'n vakature vir 'n gemeentebestuurder.**
Die persoon is verantwoordelik vir alle finansies, administrasie en kommunikasie in die gemeente.
Ure: Weeksdae 08:00 - 15:00
Advertensie beskikbaar by Heidekoppie se kerkkantoor of by Margaux by margaux@ulumahr.co.za / 083 444 1926.

# AAN DIE GANG





**HEIDE-BOETIEK 10 & 11 April**
Strek oor TWEE dae!
Vry 3-6nm
Sa 8vm - 2 nm

**SONDAG 12 April**
08:30 Contemporary Service
10:15 Klassieke Diens

**Die Dameskuier was gesellig, kreatief en versterkend!**










# BID SAAM







## BID VIR DIE GEMEENTE

Die Bestuursraad en 'n paar ander gemeentelede het verlede naweek by die Here stilgeword en beplanning gedoen.

Bid saam dat Heidekoppie altyd die Here eerste sal stel, dat ons niks sal doen as ons nie seker is dat dit binne sy Wil is nie en dat ons as gemeente ook gehoorsaam sal wees om te volg wanneer die Here 'n rigting aandui.

"*Sonder U Gees kan ons nie, wil ons nie, beweeg nie ...*" (Onbeskaamd)

## BID VIR CHRISTENE IN IRAN

"As 'n Iraniër en as 'n Christen praat ek met 'n swaar hart. Ek vier nie oorlog nie, en ek neem nie die lyding wat dit vir gewone gesinne in Iran, in Israel en regoor die streek bring, ligtelik op nie. Elke lewe is kosbaar voor God.

Maar as 'n Iraniër kan ek ook nie die diep verlange na vryheid ignoreer wat al geslagte lank in die harte van ons mense leef nie. As hierdie pynlike oomblik 'n keerpunt na geregtigheid en ware vryheid word, bid ek dat dit nie tot groter verwoesting sal lei nie, maar tot die herstel van waardigheid, hoop en vrede.

As volgelinge van Christus bid ons vir die beskerming van onskuldiges, vir selfbeheersing onder leiers, en vir 'n toekoms waar Iran en die streek vryheid sonder vrees kan beleef. Mag God lig uit duisternis bring en vrede uit onrus."

juignuus.co.za

